10 Oktober 2017

NUUSBRIEF 6/2017

Geagte Ouers

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. FOTODAG: WOENSDAG, 11 OKTOBER 2017

Neem asb kennis dat ons môre 'n Fotodag het vir alle sportsoorte asook vir leerders wat Provinsiale Kleure deur die jaar verwerf het.

Maak asb seker dat u kind die regte sportdrag het asook tekkies.

2. OUERVERGADERING: BEGROTING 2018

Die begroting vir 2018 word op Dinsdag, 17 Oktober 2017 om 18:00 in die skoolsaal aan u voorgehou vir goedkeuring. Hierdie begroting is in die Hoof se kantoor beskikbaar vir ouers wat dit vooraf wil bestudeer (per afspraak asseblief).

3. FONDSINSAMELING: KASKARRE

Ons jaarlikse Kaskardag – waarna die leerlinge geweldig uitsien – vind plaas op Vrydag, 20 Oktober 2017. Ons vertrou op elke ouer se ondersteuning met hierdie laaste fondsinsamelingsprojek vir die jaar en ons weet dat dit weer – soos in die verlede – 'n groot sukses sal wees.

4. INTERHUIS SWEMGALA

Laerskool Thabazimbi bied nie swem as amptelike sport aan nie aangesien ons nie oor 'n eie swembad beskik nie. Ons weet dat baie van ons leerders by van die klubs in ons dorp swem as sport neem. Daarom het ons dit goedgedink om, met behulp van ouers en personeel, 'n Interhuis Swemgala aan te bied op Vrydag, 13 Oktober 2017 om 14:30 te Hoërskool Frikkie Meyer.

5. EKSAMEN

Die eindeksamen vir Graad 4 – 7 leerders word tussen 14 en 24 November 2017, afgeneem. Dit is derhalwe uiters belangrik dat leerders vir die volgende 5 weke elke dag teenwoordig sal wees.

6. SKOOLKALENDER

Laerskool Thabazimbi se skoolkalender is in elektroniese formaat op Google Calendar beskikbaar. Ons benodig slegs u epos adres sodat u uitgenooi kan word. Stuur gerus u epos adres na lstbz@lantic.net of na kantoor@lsthabazimbi.co.za.

Dankie vir u volgehoue ondersteuning en sterkte vir die laaste gedeelte van die jaar.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF